# PSALM 30

```
        C
1.      Ek sal met hart en mond, Yahweh,
                G              C
        U roem verkondig en U eer;
        C
        U het in guns na my gebed
                     G
        geluister en my uitgered,
                  F
        sodat die man wat my bestry,
                    G             C
        nie oor my smart hom kon verbly.
                       F            C
        Sing Yahweh's gunsgenote, bly,
                    G           C
        'n danklied aan Yahweh gewy.

        C
2.      Spreek lof, bring in gedagtenis
                  G                C
        Sy Naam wat hoog en heilig is!
        C
        Al laat Hy ons 'n oomblik beef,
                     G
        Sy goedheid duur solank ons leef.
                     F
        Yahweh, betoon U guns aan my!
                    G             C
        Hoor, troue Helper, wees naby!
                     F              C
        Wanneer ek biddend op U wag
                 G         C
        verander U my rougeklag.

        C
3.      Yahweh, U het my op my klag
                 G                 C
        genees, en al my smart versag.
        C
        In plaas van rou en harteleed
                       G
        het U met blydskap my omkleed.
                   F
        Met dans, gejubel en gesang
                    G             C
        het ons aan U ons lof gebring,
                      F             C
        sodat my tong U kan besing.
                   G          C
        Ek wil aan U my hulde bring!
```